

Diflufenican^{500 SC}

Act No. 36 of 1947 / Wet Nr. 36 van 1947 • SA Reg. No. L9275 / NAM Reg. No. N-AR 1558

**READ ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

GROUP	12	HERBICIDE
--------------	-----------	------------------

PRODUCT INFO:

A suspension concentrate, pre- and post-emergence herbicide for selective control of certain weeds in wheat and lupines in the winter rainfall region.

PRODUK INFO:

'n Suspensiekonsentraat voor- en na-opkoms onkruidodder vir selektiewe beheer van sekere onkruid in koring en lupiene in die winterreënval gebied.



WARNING

HAZARD STATEMENTS:

Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Wash hands and exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes. Do not eat, drink, or smoke when using this product.

Active Ingredient / Aktiewe Bestanddeel

Diflufenican (phenyl ethers) 500 g/ℓ Diflufenikan (feniel-eters)

Net (ℓ) SEE CONTAINER

Registration Holder / Registrasiehouer



ICA International Chemicals (Pty) Ltd. • Reg. No. 2001/013319/07
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • STELLENBOSCH • 7600 • SOUTH AFRICA
Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za



What is
GHS?

Batch No.
Date of Manufacture
Expiry Date

**SEE
CONTAINER**

Lot Nr.
Datum van Vervaardiging
Vervaldatum

In case of poisoning, call the following number: Human Poison Helpline +27-861 555 777

Emergency Number: Griffon Poison Information Centre +27-82 446 8946

UN No. / VN Nr. 3082

DIFLUFENICAN 500 SC

Act No. 36 of 1947
SA Reg. No. L9275 / NAM Reg. No. N-AR 1558

Suspension concentrate, pre- and post-emergence herbicide for selective control of certain weeds in wheat and lupines in the winter rainfall region.

ACTIVE INGREDIENT:

Diflufenican (phenyl ethers) 500 g/ℓ

REGISTERED BY:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. No. 2001/013319/07
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • Stellenbosch • 7600 • South Africa
Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za

WARNINGS

Very toxic to aquatic life with long lasting effects

WITHHOLDING PERIODS:

ALLOW A MINIMUM OF 120 DAYS BETWEEN APPLICATION AND GRAZING, FEEDING AND HARVEST.

No crops other than lupines may be planted for 3 months following **Diflufenican 500 SC** application. After a period of 3 – 6 months the soil needs to be adequately cultivated prior to planting of another crop. A test planting is recommended in ALL cases prior to commercial planting of any canola variety following use of **Diflufenican 500 SC** in the previous season. Should the highest recommended rate of **Diflufenican 500 SC** have been applied, a test planting is recommended in all cases, irrespective of how much time has elapsed and which crop is to be planted with the exception of lupines and wheat.

Re-entry: Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

Compliance with these withholding periods and application methods will ensure that residues do not exceed local maximum residue limits (MRL) but may not meet the import requirements of other countries. If the crop to be treated is intended for export, consult the relevant importer or exporting body regarding the use of this product, MRL and recommended withholding periods. Although **Diflufenican 500 SC** is regarded as crop-safe on most of the important cultivars, this does not mean that a more sensitive cultivar might be available in future. **Diflufenican 500 SC** must be tested on new cultivars prior to usage.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to man/animal or for lack of performance of the remedy concerned, due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

If medical advice is needed, have product container or label at hand.
Read carefully and follow all instructions.
Avoid breathing mist, vapours and spray.
Wash hands and exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes.
Do not eat, drink, or smoke when using this product.
Avoid release to the environment.
ON SKIN: Wash with plenty of soap and water.
Collect spillage.
Store in closed, original container.
Dispose of contents and container in accordance with national regulations.

TRIPLE RINSE THE EMPTY CONTAINER AS FOLLOWS: Invert the empty container over the spray or mixing tank and drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the empty container three times in succession with one quarter of the container volume fresh water and decant the rinsate into the spray or mixing tank. Puncture the triple rinsed container and dispose of via an approved collector or recycler (www.croplife.co.za). Do not bury, burn or donate the container to any other parties that may use it as a container for food or beverages.

RELEVANT SUBSTANCES:

Diflufenican (Cas no: 83164-33-4) Aquatic Acute Category 1, H400; Aquatic Chronic Category 1, H410 (50 % w/v).
Ammonium nonylphenoxy polyethoxy sulfate (Cas No: 68649-55-8) Skin Irritation Category 2, H315; Eye Irritation Category 2, H319; Aquatic Chronic Category 2, H411 (< 10 % w/v).
Ethylene glycol, mono (Cas no: 107-21-1) Acute Oral Toxicity Category 4, H302 (< 5 % w/v).

FIRST AID MEASURES

In case of accident or if you feel unwell seek medical advice immediately and show this LABEL where possible.

INHALATION:

Remove the victim from source of exposure and move to fresh air, if it can be done safely, and keep comfortable. Get medical help if you feel unwell.

SKIN:

Remove and isolate contaminated clothing, shoes, and leather goods and take a shower. Rinse affected areas (skin) with non-abrasive soap or mild detergent and running water. Wash contaminated clothing before reuse. Get medical help if irritation develops and persists.

EYES:	Rinse eyes with clean running water for at least 15 minutes, while holding eyelids apart. Remove contact lenses after 5 minutes if present and easy to do. Continue rinsing while holding eyelids apart. Seek medical help if irritation continues.
INGESTION:	If swallowed, DO NOT induce vomiting, unless instructed to do so by poison control center or doctor. Rinse mouth and have person sip a glass of water if able to swallow. Never give anything by mouth to an unconscious person. If vomiting does occur, keep on giving fluids. Get medical help if feeling unwell.
NOTE TO PHYSICIAN:	There is no specific antidote. All treatments should be based on observed signs and symptoms of distress in the patient.
POTENTIAL HEALTH EFFECTS, ACUTE AND DELAYED:	No significant adverse effects expected.

RESISTANCE WARNING

For resistance management: Diflufenican 500 SC is a group code (12) herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **Diflufenican 500 SC** and other group code (12) herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **Diflufenican 500 SC** or any other group code (12) herbicide.

To delay herbicide resistance:

- avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with products from different herbicide group codes,
- for tank mixing or alternation with products in other herbicide group codes, refer to applicable individual product labels,
- integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

FOR SPECIFIC INFORMATION ON RESISTANCE MANAGEMENT CONTACT THE REGISTRATION HOLDER/DISTRIBUTOR OF THIS PRODUCT.

The presence of resistant weeds is difficult to detect prior to use and therefore neither the registration holder nor the distributor can accept responsibility for any losses as a result of **Diflufenican 500 SC** not controlling resistant weeds. Do not apply **Diflufenican 500 SC** alone in situations where weed resistance has been confirmed. Substandard application of **Diflufenican 500 SC** will lead to inferior weed control and may assist in development of herbicide resistance.

MODE OF ACTION

Inhibition of Phytoene Desaturase. Selective contact and residual action. Bleaching: inhibition of carotenoid biosynthesis.

USE RESTRICTIONS

- Should the recommended dosage be exceeded, crop damage may result with consequent yield reduction.
- Phytotoxicity as leaf scorch, stunting or yellowing could occur on lupines after use of **Diflufenican 500 SC**, especially the yellow lupine (*Lupinus luteus*) and sweet narrow leaf lupine (*L. angustifolius*) types are more sensitive. The crop usually outgrows these symptoms and yield should not be affected. Phytotoxicity could be severe if crop is under stress due to drought, waterlogged, cold, nutrient deficiency or insect/nematode damage. Severe damage could be expected on lupines infected with *Phytophthora* spp.
- Leaf necrosis could occur on wheat following use of **Diflufenican 500 SC**. Plants usually outgrow these symptoms and yields are not normally affected. Phytotoxicity may increase if the crop is stressed due to drought, cold, nutrient deficiency, or insect/nematode damage.
- DO NOT apply **Diflufenican 500 SC** when weeds are older than or larger than specified for a specific dosage rate, as this will result in inconsistent or poor weed control.
- Poor weed control may result if **Diflufenican 500 SC** is applied under the following conditions: DO NOT apply **Diflufenican 500 SC** if crop or weeds are under stress due to dry or excessively moist conditions. DO NOT apply to crops under stress due to pre-emergence herbicide application; root disease; insect damage; nutrient deficiency, extremes of pH; frost affected crops or if frost are imminent or if heavy rain is expected within 4 hours. Apply only during moist conditions when the weeds are actively growing.
- Ensure thorough coverage of weeds for the post-emergence application.
- If annual grass weeds are a problem in lupines, use a registered pre-emergence or post-emergence grass killer. **Diflufenican 500 SC** must not be applied in tank mixture with these grass killing herbicides as crop damage may occur. If a post-emergence grass killer is to be used, it is recommended to apply 7 days before or 7 days after the **Diflufenican 500 SC** application.
- Adequate soil moisture for the germination of lupines and wheat must be present if **Diflufenican 500 SC** is to be applied pre-emergence.
- **Diflufenican 500 SC** may be harmful when applied directly onto germinating/partly germinated lupine seed lying on the soil surface.
- Restrictions on labels of other herbicides must be considered prior to use in combination with **Diflufenican 500 SC**.
- Pre-emergence application of **Diflufenican 500 SC** should preferably be applied directly after planting or within 1 day after planting. Seed should be adequately covered by soil (as standard planting practice) before application.

DIRECTIONS FOR USE – use only as directed

COMPATIBILITY:

The compatibility of **Diflufenican 500 SC** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. A physical compatibility test must always be performed before such a tank mixture is made. **Diflufenican 500 SC** must always be used in conjunction with a registered and recommended adjuvant (wetting agent).

MIXING INSTRUCTIONS:

Half fill the mixing tank with clean water. Shake the **Diflufenican 500 SC** container and premix the required quantity with at least 10 liters of water and add to the spray tank. Only use clean water suitable for irrigation and avoid using water with high levels of chlorine. Adjust water pH to between 6.7 and 7.5 if necessary. Avoid using spray water with resistance lower than 300 ohms and electrical conductivity higher than 1.0 mS/cm. Add the required quantity of surfactant to the spray tank water. Agitate well to obtain a homogeneous mixture. Top up the mixing tank with the required quantity clean water whilst agitating. Ensure mixing is complete and agitate constantly before and during application. If other products are to be mixed with **Diflufenican 500 SC**, follow the respective manufacturer's label recommendations. The prepared spray mixture must be used immediately and not be left in the spray tank for any length of time, e.g., overnight. Spraying equipment must be thoroughly flushed out after spraying operations.

GROUND APPLICATION:

Ensure that the spray equipment is calibrated correctly and evaluate application frequently to ensure uniform and accurate application of the spray mixture. Tractor mounted boom sprayers may be used with a spray volume of approximately 200 l per ha via solid- or hollow cone nozzles. Prevent overdosing by avoiding overlapping of swaths and closing the nozzles while starting, slow movement, turning and stopping.

APPLICATION TABLE

Crop	Dosage Rate (mℓ per ha)	Timing of application and remarks
LUPINES	Pre-emergence: 150 mℓ/ha	Use this rate on lighter textured soils containing less than 20 % clay. Also see USE RESTRICTIONS and list below.
	200 mℓ/ha	Use this rate on heavier textured soils containing more than 20 % clay. Also see USE RESTRICTIONS and list below.
	Post-emergence: 150 – 200 mℓ/ha	Consult tables below and choose the appropriate dosage rate for the growth stage/size and species of weeds to be controlled. Also see USE RESTRICTIONS .
WHEAT	Pre-emergence:	Application should be made directly post-plant, after planting with a standard planting plow, also see USE RESTRICTIONS
	150 mℓ/ha	Use this rate on lighter textured soils containing less than 20 % clay. Also see USE RESTRICTIONS and list below.
	200 mℓ/ha	Use this rate on heavier textured soils containing more than 20 % clay. Also see USE RESTRICTIONS and list below.
	Post-emergence: 150 mℓ/ha	Wheat plants must be well established, whilst the wild radish plants must not be bigger than the 4-leaf stage. Also see USE RESTRICTIONS and list below.

WEEDS CONTROLLED AT 150 – 175 mℓ/ha UP TO THE 4-LEAF STAGE:

<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel	(90 – 100 %)
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot	(90 – 100 %)
<i>Polygonum aviculare</i>	Prostrate knotweed	(80 – 100 %)
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish	(80 – 100 %)

WEEDS CONTROLLED AT 200 mℓ/ha UP TO THE PRE-FLOWERING STAGE:

<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel	(80 – 90 %)
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish	(90 – 100 %)

WEEDS CONTROLLED IN WHEAT, PRE-EMERGENCE APPLICATION:

At 150 mℓ/ha, <i>Lolium</i> spp.	Ryegrass	(75 – 90 %)
At 200 mℓ/ha, <i>Lolium</i> spp.	Ryegrass	(80 – 100 %)

DIFLUFENICAN 500 SC

Wet Nr. 36 van 1947
SA Reg. Nr. L9275 / NAM Reg. Nr. N-AR 1558

’n Suspensiekonsentraat voor- en na-opkoms onkruidoder vir selektiewe beheer van sekere onkruid in koring en lupiene in die winterreënval gebied.

AKTIEWE BESTANDEDEL:

Diflufenikan (feniel-eters) 500 g/ℓ

GEREGISTREER DEUR:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. Nr. 2001/013319/07
Plankenstraat 28 • Plankenbrug Industriël • Stellenbosch • 7600 • Suid-Afrika
Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za

WAARSKUWINGS

Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge

ONTHOUDINGSPERIODES

LAAT ’N MINIMUM VAN 120 DAE TOE TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN GEBRUIK AS WEIDING, VOER OF OES VAN GEWAS.

Geen ander gewas behalwe lupiene, mag vir ’n periode van 3 maande na die toediening van **Diflufenican 500 SC** geplant word nie. Vir ’n periode van 3 – 6 maande na toediening moet die grond deeglik bewerk word voordat ’n nuwe gewas geplant kan word. ’n Toetsplanting word in ALLE gevalle voor die kommersiële aanplanting van enige kanola variëteit aanbeveel indien **Diflufenican 500 SC** die vorige seisoen gespuit is. Indien die hoogste aanbevole dosis van **Diflufenican 500 SC** gebruik is, word ’n toetsplanting in alle gevalle aanbeveel, ongeag van hoeveel tyd verloop het en watter gewas geplant gaan word, met die uitsondering van lupiene, en koring.

Herbetredingsinterval: Moenie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie tensy toepaslike beskermende klere gedra word.

Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes en toedieningsmetode sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoereis van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word, bestem is vir uitvoer, skakel met die betrokke invoerder of uitvoerliggaam rakende die gebruik van hierdie produk, die MRL en aanbevole onthoudingsperiodes. Alhoewel **Diflufenican 500 SC** as gewasveilig beskou word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat ’n meer sensitiewe kultivar in die toekoms op die mark kan kom nie. **Diflufenican 500 SC** moet eers op nuwe kultivars getoets word voordat dit gebruik word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ’n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir ’n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
Hou buite bereik van kinders.
Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.
Vermy inaseming van stuifsel, dampe en spuitstof.
Was hande en blootgestelde vel deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.
Moet nie eet, drink of rook wanneer hierdie produk gebruik word nie.
Vermy vrystelling in die omgewing.
INDIEN OP VEL: Was met baie water en seep.
Maak stortsel bymekaar.
Berg in geslote, oorspronklike houer.
Raak ontslae van inhoud en houer volgens nasionale regulasies.

SPOEL LEË HOER DRIE KEER AS VOLG: Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat die vloei tot ’n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer na mekaar met een kwart van die houer volume vars water en giet die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Kap gate in die drie keer gespoelde houer, waarna dit aan ’n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moenie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Diflufenikan (Cas no: 83164-33-4) Waterlewend Akut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (50 % m/v).
Ammonium nonielfenoksie poli-etoksie sulfaat (Cas No: 68649-55-8) Velirritasie Kategorie 2, H315 Ernstige Oogirritasie Kategorie 2, H319; Waterlewend Kronies Kategorie 2, H411 (< 10 % m/v).
Etilenglikol, mono (Cas no: 107-21-1) Akute Giftigheid Mondelings Kategorie 4, H302 (< 5 % m/v).

NOODHULPBEHANDELING

Ingeval van ’n ongeluk of as u onwel voel, verkry mediese hulp dadelik en wys ETIKET indien moontlik.

INGEASEM:

Neem die slagoffer weg van die bron van blootstelling en verskuif na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Verkry mediese hulp indien jy ongesteld voel.

VEL:

Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en gaan stort. Spoel aangetaste areas (vel) met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en lopende water. Was besmette klere voor hergebruik. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.

OË:	Spoel oë met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen. Hou aan met spoel terwyl ooglede van mekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur.
OPNEMING:	Indien ingesluk, MOENIE vomering aanmoedig nie, tensy deur 'n gifbeheersentrum of dokter aangesê word om dit te doen. Spoel mond uit en laat persoon slukkies van 'n glas water neem indien in staat om te sluk. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie. Indien vomering plaasvind, hou aan vloeiwater gee. Kry mediese hulp indien jy ongestel voel.
NOTA AAN GENEESHEER:	Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt.
POTENSIELE GESONDHEIDSGEVOLGE, AKUUT EN VERTRAAGD:	Geen noemenswaardige nadelige effekte word verwag nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandbestuur: Diflufenican 500 SC is 'n groepkode (12) onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Diflufenican 500 SC** of enige ander groepkode (12) onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruid populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **Diflufenican 500 SC** of enige ander groepkode (12) onkruidodder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkingsels van produkte in verskillende onkruidodder groepkodes,
- raadpleeg toepaslike individuele produkietiket wanneer daar afgewissel word, of tenkingsels gemaak word, met produkte in ander onkruidodder groepkodes,
- integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidodder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandbestuur kontak die registrasiehouer/verspreider van hierdie produk.

Die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruid is moeilik om te bepaal voordat die onkruidodder toegedien word. Die registrasiehouer en verspreider kan dus nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige verliese wat mag voortspruit uit swak onkruidbeheer van weerstandbiedende onkruidtipes nie. Waar weerstand bekend is, moet **Diflufenican 500 SC** nie alleen gebruik word nie. Te lae dosisse **Diflufenican 500 SC** of enige ander groepkode 12 onkruidodders sal lei tot onbevredigende onkruidbeheer wat kan bydra tot die ontwikkeling van onkruidweerstand.

WERKINGSWYSE

Inhibisie van Phytoene Desaturase. Selektiewe kontak- en nawerking. Bleiking: inhibisie van karotenoïedbiosintese.

GBRUIKSBEPERKINGS:

- Indien die aanbevole dosis oorskry word, kan gewasskade ontstaan met gevolglike opbrengsvermindering.
- Fitotoksiteit in vorm van blaar brand, verdwering of vergeling kan voorkom op lupiene na behandeling met **Diflufenican 500 SC**, veral die geel lupiene (*Lupinus luteus*) en soet smalblaar lupien (*L. angustifolius*) is meer gevoelig. Die gewas ontgroeï gewoonlik die simptome en opbrengs behoort nie geaffekteer te word nie. Stres faktore soos droogte, te nat toestande, koue, voedingstekorte of insek/aalwurm skade kan die fitotoksiese skade vererger. Erge skade kan verwag word op lupiene wat met *Phytophthora* spp. geïnfecteer is.
- Blaarnekrose kan voorkom op koring na die gebruik van **Diflufenican 500 SC**. Plante ontgroeï gewoonlik die simptome en behoort nie opbrengs te affekteer nie. Stres faktore soos droogte, te nat toestande, koue, voedingstekorte of insek/aalwurm skade kan die fitotoksiese skade vererger.
- MOENIE **Diflufenican 500 SC** toedien op onkruid wat groter of ouer is as wat aanbeveel word vir die spesifieke konsentrasie nie aangesien dit mag aanleiding gee tot swak onkruidbeheer.
- Swak onkruidbeheer kan voorkom wanneer **Diflufenican 500 SC** toegedien word onder die volgende omstandighede: MOENIE **Diflufenican 500 SC** toedien as gewas/onkruid onderwerp is aan droë of uitermatige nat toestande nie. MOENIE **Diflufenican 500 SC** toedien as gewas of onkruid onder stres is as gevolg van voor-opkoms onkruidodder toedienings, wortelsiekte; insekskade; voedingstekort; uiterste pH; rypskade of as ryp verwag word, asook hoë reënval verwag word binne die volgende 4 ure nie. Dien slegs toe onder gunstige vogtoestande wanneer onkruid aktief groei.
- Verseker deeglike bedekking van onkruid vir na-opkoms toedienings.
- Indien eenjarige grasse 'n probleem is in lupiene, maak gebruik van 'n geregistreerde voor- of na-opkoms grasodder. **Diflufenican 500 SC** moet nie as 'n tenkingsel saam met bogenoemde grasodders gespuit word nie, dit kan gewasskade tot gevolg hê. Indien 'n na-opkoms grasodder gebruik word, moet dit toegedien word 7 dae voor of na toediening van **Diflufenican 500 SC**.
- Genoeg grondvog vir goeie ontkieming van lupiene en koring moet aanwesig wees wanneer **Diflufenican 500 SC** as vooropkomsmiddel gebruik word.
- **Diflufenican 500 SC** mag skadelik wees indien dit direk op ontkiemende of gedeeltelik-ontkiemende lupiene saad wat bo-op die grond lê toegedien word.
- Beperkings van ander onkruidodders moet oorweeg word voordat dit in kombinasie met **Diflufenican 500 SC** gebruik word.
- Voor-opkoms toediening van **Diflufenican 500 SC** moet verkieslik direk na plant, of 1 dag na plant, plaasvind. Saad moet voldoende bedek wees deur grond (soos standaard plant praktyk) voor toediening.

GBRUIKSAANWYSINGS – gebruik slegs soos aangedui

VERENIGBAARHEID:

Die verenigbaarheid van **Diflufenican 500 SC** met ander produkte word bepaal deur die formulasies van die ander produkte en die kwaliteit van die spuitwater. 'n Fisiese verenigbaarheidstoets moet altyd uitgevoer word voordat enige tenkingsel gemaak word. **Diflufenican 500 SC** moet altyd gebruik word saam met 'n geregistreerde en aanbevole benatter.

MENGINSTRUKSIES:

Maak mengtenk halfvol met skoon water. Skud die **Diflufenican 500 SC** houër deeglik voor gebruik en meng die aanbevole hoeveelheid vooraf in ten minste 10 liter water en voeg by mengtenk. Gebruik slegs skoon water wat geskik is vir besproeiing en vermy water met 'n hoë chloorinhoud en water met weerstand laer as 300 ohms of geleidingsvermoë bo 1.0 mS/cm. Stel die water se pH in tot tussen 6.7 en 7.5 indien nodig. Voeg die korrekte hoeveelheid benatter in die spuitwater. Meng goed om 'n homogene mengsel te verkry. Vul mengtenk met skoon water tot by verlangde vlak terwyl voortdurend geroer word. Maak seker die mengsel is heeltemal geroer en roer deeglik voor en deurgaans tydens toediening. Volg die onderskeie produk etiket aanwysings, indien ander produkte met **Diflufenican 500 SC** gemeng word. Die aangemaakte spuitmengsel moet onmiddellik uitgespuit word, dit moet nie in spuittenk gelaat word vir onbepaalde tyd, bv. oornag nie. Spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word na gebruik.

GRONDTOEDIENING:

Verseker dat spuittoerusting korrek gekalibreer is en evalueer gereeld tydens toediening om te verseker dat spuitmengsel egalig en akkuraat toegedien word. Konvensionele spuitbalke kan gebruik word met toedieningsvolume van omtrent 200 ℓ per ha via soliede- of holkeel spuitpunte. Verhoed oorvleueling van spuitbane en oortoediening deur die spuitpunte af te sluit wanneer aansakel, stadig beweeg, draai en tot stilstand kom.

TOEDIENINGSTABEL		
Gewas	Dosis (mℓ per ha)	Tydsberekening van toediening en opmerkings
LUPIENE	Voor-opkoms: 150 mℓ/ha	Gebruik hierdie dosis op ligter gronde met minder as 20 % klei. Sien ook GBRUIKSBEPERKINGS asook lys onder.
	200 mℓ/ha	Gebruik hierdie dosis op swaarder gronde met meer as 20 % klei. Sien ook GBRUIKSBEPERKINGS asook lys onder.
	Na-opkoms: 150 – 200 mℓ/ha	Gebruik die tabelle onder en selekteer die geskikte dosis vir die groeistadium/grote en onkruidspesie wat beheer moet word. Sien ook GBRUIKSBEPERKINGS .
KORING	Voor-opkoms:	Dien toe net na, of so gou as moontlik na plant met 'n standaard plant-ploeg. Sien ook GBRUIKSBEPERKINGS.
	150 mℓ/ha	Gebruik hierdie dosis op ligter gronde met minder as 20 % klei. Sien ook GBRUIKSBEPERKINGS asook lys onder.
	200 mℓ/ha	Gebruik hierdie dosis op swaarder gronde met meer as 20 % klei. Sien ook GBRUIKSBEPERKINGS asook lys onder.
	Na-opkoms: 150 mℓ/ha	Koringplante moet goed gevestig wees, terwyl die ramenas onkruid nie groter as die 4-blaar stadium moet wees nie. Sien ook GBRUIKSBEPERKINGS asook lys onder.

ONKRUIDE WAT BEHEER WORD TEEN 150 – 175 mℓ/ha TOT EN MET DIE 4-BLAARSTADIUM:

<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel	(90 – 100 %)
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie	(90 – 100 %)
<i>Polygonum aviculare</i>	Voëlduisendknoop	(80 – 100 %)
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas	(80 – 100 %)

ONKRUIDE WAT BEHEER WORD TEEN 200 mℓ/ha TOT EN MET DIE VOOR-BLOM STADIUM:

<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel	(80 – 90 %)
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas	(90 – 100 %)

ONKRUIDE WAT BEHEER WORD IN KORING, VOOR-OPKOMS TOEDIENING:

Teen 150 mℓ/ha, <i>Lolium</i> spp.	Raaigras	(75 – 90 %)
Teen 200 mℓ/ha, <i>Lolium</i> spp.	Raaigras	(80 – 100 %)